higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N250**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N5

(6030175)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

JY HET 10 MINUTE OM DEUR DIE VRAESTEL TE LEES VOORDAT DIE EKSAMEN BEGIN.

WAG VIR DIE INSTRUKSIE VAN DIE EKSAMENOPSIENER VOORDAT JY DIE BLADSY OMBLAAI.

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

TYDTOEWYSING (SLUIT DRUKTYD IN)

VRAAG 1 – 70 minute

VRAAG 2 – 32 minute

VRAAG 3 – 27 minute

VRAAG 4 – 23 minute

VRAAG 5 – 27 minute

TOTAAL – 180 minute

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Maak ’n DRUKSTUK sodra jy elke vraag voltooi het. GEEN ekstra tyd sal toegelaat word om DRUKSTUKKE te maak ná die DRIE uur wat vir hierdie vraestel toegewys is nie. Indien daar ’n probleem met die drukker ondervind word, sal die eksamenopsiener ekstra tyd gee.

5. Stoor jou werk gereeld in geval daar ’n kragonderbreking voorkom. Die eksamenopsieners is NIE vir die verlies van enige werk verantwoordelik nie en GEEN ekstra tyd sal vir verlore werk toegelaat word nie.

6. Dien ALLE ekstra (foutiewe) DRUKSTUKKE aan die einde van die eksamensessie in. GEEN drukstukke mag uit die eksamenlokaal verwyder word nie.

7. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal verwyder word nie. ALLE vraestelle moet ingegee word. Die vraestelle mag aan die kandidate teruggegee word nadat die eksamen voltooi is.

Kopiereg voorbehou

8. Indien ’n kandidaat tydens die eksamensessie van een rekenaar na ’n ander moet oorskuif, moet die dosent/opsiener ’n verslag skryf waarin hulle die rede vir die verandering uiteensit. Hierdie verslag moet deur die opsiener geteken word. Sluit die verslag by die kandidaat se vouer in. DRUKSTUKKE met verskillende watermerke in dieselfde vouer is nie aanvaarbaar nie en sal as ’n onreëlmatigheid gehanteer word.

9. Die dosente/opsieners moet aan die einde van elke eksamensessie ALLE antwoorde van kandidate (Excell en Payroll) van die rekenaars/hardeskywe/netwerk verwyder of uitwis voordat kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat mag word.

10. GEEN DRUKSTUKKE sonder ’n EKSAMENNOMMER mag aan kandidate uitgedeel word nie.

11. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Maak die maatskappy, SPONGE BOB, oop wat op die rekenaar deur jou dosent geskep is.

Klik op 'Setup Company Parameter' en sleutel jou EKSAMENNOMMER ná die naam van die maatskappy in.

Gaan AL die inligting na om seker te maak dit is op die stelsel vasgelê.

Alhoewel werknemerslêers geskep is, moet bepaalde inligting steeds vasgelê of verander word.

MAATSKAPPY-INLIGTING

Maatskappynaam	SPONGE BOB
Adres 1	Pleinstraat 11
Adres 2	Paarl
Adres 3	7646
Maatskappy-inligting	Tel.: 021 713 8006
Laat my toe om my eie kodering te gebruik	Ja, gebruik eie kodering
Datumformaat	DD/MM/JJJJ
Aktivering van nettobetalingsafronding	Nee
Verpligte aftrekkings	Ja
Betalingsfrekwensies	Maandeliks en weekliks
Eerste verwerkingsmaand	31/03/17, vir maandeliks
Eerste verwerkingsweek	07/03/17, vir weekliks
Eerste betalingstydperk	1, vir maandeliks en weekliks
Vakansies	Gebruik die Suid-Afrikaanse vakansies

Klik op 'Edit Employee Masterfile'. Die dosent moet hierdie werknemers skep.

WERKNEMERSINLIGTING

KODE	001	002
PROFIEL	-	-
VAN	SIMIKALO	AFRICA
TITEL	Me	Mnr
VOORNAAM	Cinderella	Morne
BEGINDATUM	01/01/2008	01/08/2000
GEBOORTEDATUM	05/12/1970	21/08/1968
IDENTITEITSNOMMER	7012050483088	6808210444089
GESLAG	Vroulik	Manlik
HUWELIKSTATUS	Getroud	Getroud
EGGENOOT SE NAAM	Cheyonne	Xola
AFHANKLIKES	3	3

Kopiereg voorbehou

EENHEIDSNOMMER	3	2
KOMPLEKS	Courtray	Groenheuwel
STRAATNOMMER	43	423
STRAATNAAM	Martinstraat	Titusstraat
VOORSTAD	Wellington	Wellington
STAD	Kaapstad	Kaapstad
POSKODE	2000	2000
LANDSKODE	ZA	ZA

BETALINGSFREKWENSIE EN BETALINGSMETODE

BETALINGSFREKWENSIE	Maandeliks	Weekliks
BETALINGSMETODE	Elektroniese oorplasing	Elektroniese oorplasing
TAKKODE	010	0020
BANK	FNB Paarl	Capitec Paarl
REKENINGNAAM	Lopende rekening	Lopende rekening
REKENINGNOMMER	85769844	0007654390

LOONTARIEWE

UUR PER DAG	8	8
UUR PER WEEK	40	40
DAE PER MAAND	21.67	21.67

BELASTING

BELASTINGMETODE	Gemiddelde	Gemiddelde
BELASTINGKANTOOR	Paarl	Paarl
AARD VAN PERSOON	Individu met ’n ID	Individu met ’n ID
SOORT WERK	Permanent	Permanent

STATUTÊR

Mediese fonds – Begunstigdes	4	4
Belastingkredietfrekwensies		Elke week, insl. 5de week
Geklassifiseerde standaardnywerheidskode	01110	01110

1.1 **INSTRUKSIES**

1.1.1 Lê MARTIN en GOLDING se werknemersinligting vas.

1.1.2 Lê die verlofsaldo en verlofaanspraak vir elke werknemer vas.

1.1.3 Lê elke werknemer se bankbesonderhede vas.

1.1.4 Verwerk die betaalstrokies vir Maart.

Kopiereg voorbehou

1.2 DIE VOLGENDE DRUKSTUKKE MOET INGEDIEN WORD:

1.2.1 Betaalstrokies vir AL VIER werknemers

Betaalstrokies vir tydperk 1

Mnr Africa	(12)
Me Simikalo	(14)
Mnr Martin	(12)

Betaalstrokie vir tydperk 2

Mnr Africa	(7)

Betaalstrokies vir tydperk 3

Mnr Africa	(5)
Mnr Golding	(14)

Betaalstrokies vir tydperk 4

Mnr Africa	(2)
Mnr Golding	(6)

1.2.2 'n Skriftelike waarskuwing aan mnr Martin gerig (2)

1.2.3 Mnr Martin en mnr Golding se werknemersmeesterlêer met persoonlike en betalingsbesonderhede (6)

1.3 WERKNEMERSINLIGTING

KODE	003	004
PROFIEL	-	-
VAN	MARTIN	GOLDING
TITEL	Mnr	Mnr
VOORNAAM	Suaab	Bautsa
BEGINDATUM	01/04/2003	16/03/2017
GEBOORTEDATUM	30/03/1953	12/04/1968
IDENTITEITSNOMMER	5303300064089	6804120560080
GESLAG	Manlik	Manlik
HUWELIKSTATUS	Getroud	Enkellopend
EGGENOOT SE NAAM	Vinthi	-
AFHANKLIKES	2	-
EENHEIDSNOMMER	15	424
KOMPLEKS	Charleston Hill	Belgravia
STRAATNOMMER	15	424
STRAATNAAM	Tinkiestraat	Princess-straat
VOORSTAD	Paarl	Athlone
STAD	Kaapstad	Kaapstad
POSKODE	2000	2000
LANDSKODE	ZA	ZA

1.4 BETALINGSFREKWENSIE EN BETALINGSMETODE

BETALINGSFREKWENSIE	Maandeliks	Weekliks
BETALINGSMETODE	Elektroniese oorplasing	Elektroniese oorplasing

Kopiereg voorbehou

1.5 LOONTARIEWE

UUR PER DAG	8	8
UUR PER WEEK	40	40
DAE PER MAAND	21.67	21.67

1.6 BELASTING/STATUTÊR

BELASTINGMETODE	Gemiddelde	Gemiddelde
BELASTINGKANTOOR	Kaapstad	Kaapstad
AARD VAN PERSOON	Normale werknemer met ID	Normale werknemer met ID
SOORT WERK	Permanent	Permanent

STATUTÊR

Mediese fonds – Begunstigdes	3	1
Belastingkredietfrekwensies		Bedrag elke week, insl. 5de week
Geklassifiseerde standaardnywerheidskode	01110	01110

1.7 VERLOF

Lê die volgende verlofaanspraak (*leave entitlement*) vas asook die beginsaldo's:

MARTIN

Jaarlikse verlofaanspraak	15
Beginsaldo vir jaarlikse verlof	6
Siekteverlofaanspraak per jaar	12
Beginsaldo vir siekteverlof	3

GOLDING

Jaarlikse verlofaanspraak	15
Beginsaldo vir jaarlikse verlof	4
Siekteverlofaanspraak per jaar	12
Beginsaldo vir siekteverlof	2

Kopiereg voorbehou

1.8 **LÊ ELKE WERKNEMER SE BANKBESONDERHEDE VAS.**

MARTIN

TAKKODE	0030
BANK	ABSA PAARL
REKENINGNAAM	Lopende rekening
REKENINGNOMMER	9899765798

GOLDING

TAKKODE	0030
BANK	ABSA PAARL
REKENINGNAAM	Lopende rekening
REKENINGNOMMER	108765432

1.9 **VERWERKING VAN BETAALSTROKIES**

VERDIENSTE, AFTREKKINGS EN WERKNEMERSBYDRAES

TRANSAKSIEKODES WAT GEBRUIK MOET WORD:

Gebruik die transaksiekodes wat in die lys hier onder gegee word. Lees die volgende en bring die vereiste veranderinge aan die transaksies in die transaksielys onder die opstellingskieslys (*setup menu*) aan. Gebruik hierdie kodes om die betaalstrokies te verwerk.

INKOMSTETRANSAKSIES

5000	Basiese salaris
5002	Uurlikse loon
5300	Kommissie
5321	Oortyd @ 1.5 (vir salarisse en lone)
5500	Reisonkoste
5660	Eenvormige toelae – niebelasbaar
5700	Rekenaartoelae
5720	Telefoontoelae
5050	Verander die beskrywing, insluitende die betaalstrokiebeskrywing, na *Werkswinkelterugbetalings* (kopieer dit na weekliks).
5501	Reistoelae

VOORDELE

6025	Belasbare reisonkoste
6026	Belasbare reisgedeelte

Kopiereg voorbehou

WERKNEMERSAFTREKKINGS

7000	Pensioen: Werknemersbedrag (pro rata-begin/-eind)
8090	Mediese fonds: Werknemersbedrag
8170	Personeelbesparings
8500	Verander die beskrywing, insluitende die betaalstrokiebeskrywing, na *Skuldbeslagorder* (kopieer na weekliks).

MAATSKAPPYBYDRAES

9000	Pensioen: Werkgewersbedrag (pro rata-begin/-eind; druk op betaalstrokie; kopieer na weekliks)
9090	Mediese fonds: Werkgewersbedrag (pro rata-begin/-eind; druk op betaalstrokie; kopieer na weekliks)
9120	Opgelopeverlof-waarde
9142	Bonusoploping – Vaste persentasie (7.5%; pro rata-begin/-eind; lê die persentasie vas; kopieer na weekliks; druk op betaalstrokie)
9100	BBS-heffings (lê die persentasie van 0.275% vas; pro rata-begin/-eind; kopieer na weekliks)

BESONDERHEDE VAN VERDIENSTE EN AFTREKKINGS

Al die werknemers behoort aan die mediese fonds. Nuwe werknemers begin deur vanaf die eerste maand van indiensneming tot die mediese fonds by te dra.

Bydraes is soos volg:

Lid	Maandeliks	Weekliks
Lid plus een afhanklike	R250	R65
Lid plus twee afhanklikes	R300	R75
Lid plus drie afhanklikes	R350	R85
	R400	R96

Die werkgewer dra 125% van die werknemers se bydraes tot die mediese fonds by.

- Die werkgewer kom ooreen om die volgende bedrae tot die pensioenfonds by te dra:

SIMIKALO	R 652.45
MARTIN	R 440.00
GOLDING	R 350.00
AFRICA	R6 000.00 per jaar

- *Bonusoploping, SIBW, LBS en belasbare reisonkoste moet op al die betaalstrokies voorkom.*

Kopiereg voorbehou

1.10 **TRANSAKSIES VIR MAART**

MAANDELIKSE WERKNEMERS

SIMIKALO (MAART)

- Verdien R20 000 per maand.
- Oortyd vir die maand gewerk: 6 uur
- Ontvang ’n reistoelae van R120 000 per jaar.
- Ontvang ’n telefoontoelae van R40 500 per jaar.
- Die pensioenbetaling bedra R500 per maand (werkgewersbydrae)
- Loonbeslagorder vir ’n bedrag van R600 vir ’n TV-lisensie

MARTIN (MAART)

- Verdien R360 000 per maand.
- Ontvang ’n reistoelae van R500 per maand.
- Ontvang kommissie van 6% van sy basiese salaris.
- Betaal ’n bedrag van R6 600 aan hom terug vir ’n betaalstaatwerkswinkel wat hy bygewoon het.
- Ontvang ’n eenvorminge toelae van R38 000 per jaar.
- Dra ’n bedrag van R580 tot sy pensioenfonds by.
- Loonbeslagorder vir kinderonderhoud ten bedrae van R600

Bykomende inligting

- Ontvang ’n skriftelike waarskuwing omdat hy elke oggend laat is: 30 Maart.
- Neem jaarlikse verlof van 12 tot 14 Maart.

WEEKLIKSE WERKNEMERS

AFRICA (MAART)

AFRICA	***Normale tarief***	***Maart***	***Normale ure***	***Oortyd***
	R185.00/uur	Week 1	40	4
		Week 2	38	2
		Week 3	40	5
		Week 4	40	

- Ontvang 'n reistoelae van R5 000 per maand.
- Ontvang ’n eenvormige toelae van R400 per week.
- Dra R375.50 per week tot sy pensioenfonds by.
- Ontvang R7 800 per jaar as rekenaartoelae (week 4).
- Week 3: Hy ontvang R3 800 as werkswinkelterugbetaling.
- Week 2: Hy begin om ’n bedrag van R200 per week te spaar. Hy het R1 000 gespaar. Sleutel die saldo in.

Kopiereg voorbehou

GOLDING (MAART)

GOLDING	***Normale tarief***	***Maart***	***Normale ure***	***Oortyd***
	R200.00/uur	Week 3	40	3
		Week 4	40	5

- Ontvang kommissie van R430 vir week 3 en R540 vir week 4.
- Ontvang ’n eenvormige toelae van R600 per maand. (Ontvang die toelae eers die laaste week.)
- Ontvang 'n reistoelae van R2 000 per maand. (Ontvang die toelae eers die laaste week.)
- Ontvang ’n telefoontoelae van R300.
- Dra R400 tot die pensioenfonds by. **[80]**

GS

VRAAG 2: LOONSTAAT

DIE VOLGENDE VRAAG MOET OP ’N SIGBLAD (*SPREADSHEET*) BEANTWOORD WORD. TIK JOU EKSAMENNOMMER OP ELKE DRUKSTUK AAN DIE HAND VAN DIE INSTRUKSIES.

Jy is vir die berekening van die lone van die werknemers hier onder verantwoordelik.

Die volgende inligting vir die week geëindig 30 Junie 2016 word beskikbaar gestel:

	M. Zuma	X. Ndela
Normale tyd: Dae per week	5 dae	5 dae
Normale ure per week	40 uur	40 uur
Totale aantal uur in hierdie week gewerk (naweke ingesluit)	47	49
Normale loontarief per uur	R75.00	R85.00

Albei werkers het tydens die naweek oortyd gewerk:

M. Zuma	X. Ndela
4 uur	6 uur

Produksiebonus

Elke werker ontvang ’n ekstra R50 vir elke 100 items wat hy/sy in een week voltooi.
M. Zuma het 1 050 items en X. Ndela het 800 items voltooi.

Weeklikse oortydtarief per uur: 130% van die normale loontarief
Naweekoortydtarief per uur: Normale loontarief plus 75%

Aftrekkings

Pensioenfonds – werknemer : 6.5% van die normale loon
Pensioenfonds – werkgewer : 8.5%

Werkloosheidsversekeringsfonds : 1% van die normale inkomste

Belasting : 25% van belasbare inkomste

Mediesefondsbydrae per week : M. Zuma dra R200.00 en X. Ndela dra R100 by.
: Die werkgewer dra dieselfde bedrag by.

Kopiereg voorbehou

2.1 LOONSTAAT – 30 JUNIE 2016

	A	B	C
1		**M. ZUMA**	**X. NDELA**
2	Normale loon		
3	Oortyd – week		
4	Oortyd – naweek		
5	Produksiebonus		
6	**TOTALE INKOMSTE**		
7	Pensioen		
8	**BELASBARE INKOMSTE**		
9	Medies		
10	WVF		
11	Belasting		
12	**NETTO LOON**		

INSTRUKSIES

2.1.1 Bereken albei werknemers se netto loon vir die week geëindig 30 Junie 2016. Gebruik die voorbeeld en tik dit oor presies net soos dit hier staan. (Moet NIE die rye en kolomme tik nie.)

2.1.2 Voeg ’n kolom vir % (persentasie) tussen kolom A en B in. Gebruik hierdie kolom om persentasies vir die pensioenfonds, WVF en belasting te bereken. Gebruik absolute selverwysings wanneer jy berekeninge doen.

2.1.3 Voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant en DRUKSTUK 1 aan die regterkant as voetskrif (*footer*) in.

2.1.4 Verstel die breedte van kolom A tot 32 en die ryhoogte tot 25.

2.1.5 Voeg die kolomopskrifte saam en sentreer dit.

2.1.6 Voeg lyne in om die voorkoms van die staat te verbeter.

2.1.7 Vertoon AL die bedrae as ’n geldeenheid met TWEE desimale.

2.1.8 Stoor die sigblad as VRAAG 2.1 en druk dit op EEN portretgrootte bladsy. (25)

2.2 FORMULES

2.2.1 Maak die sigblad, wat as VRAAG 2.1 gestoor is, oop en skakel oor na formules.

2.2.2 Verander die voetskrif na DRUKSTUK 2.

2.2.3 Verstel die kolombreedtes.

2.2.4 Verskuil die persentasiekolom.

2.2.5 Druk die sigblad met formules op EEN landskapgrootte bladsy, met ry- en kolomopskrifte. (10)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Tik die tabelle hier onder op ’n skoon vel papier oor en voltooi die tabelle aan die hand van die volgende inligting:

Kosprys van vaste bates: 30 Desember 2016

Voertuie	R155 000
Toerusting	R50 000

Opgehoopte waardevermindering op bates (waardevermindering vir die huidige jaar uitgesluit)

Voertuie	R10 000
Toerusting	R5 000

Waardevermindering op bates vir die huidige jaar:

Voertuie	R35 000
Toerusting	R2 500

Toevoegings tot bates

Voertuie teen kosprys R100 000 (nie in die kosprys hier bo ingesluit nie)
Die voertuig is op 30 September 2016 aangekoop. Die waardevermindering word teen 15% per jaar teen kosprys bereken.

Beskikking oor bates Toerusting teen ’n netto drawaarde van R6 000 (Die batebeskikking is reeds in die boeke geboekstaaf.)

VASTE BATES	***BRUTO DRAWAARDE***	***OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING***	***NETTO DRAWAARDE***
Voertuie			
Toerusting			
Totaal			

REKONSILIASIE VAN DRABEDRAG	***VOERTUIE***	***TOERUSTING***	***TOTAAL***

INSTRUKSIES

3.1 Tik die tabel oor presies soos dit gegee is en doen die nodige berekeninge. Toon jou berekeninge vir waardevermindering.

3.2 Verstel kolom A tot 32 en kolom B, C en D tot 16.

3.3 Formateer die kolomme tot ’n geldeenheid met GEEN desimale nie.

3.4 Voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant en DRUKSTUK 3 aan die regterkant as kopskrif (*header*) in.

3.5 Stoor die sigblad as DRUKSTUK 3. **[30]**

VRAAG 4

Skep ’n identiese voorraadkaart op ’n sigblad soos die een wat getoon word. Voltooi die voorraadkaart aan die hand van die instruksies.

4.1 Voorsien ’n gepaste opskrif vir die voorraadkaart, tik dit in vetdruk, en kursiveer dit.

4.2 Bereken die voorraad aangekoop of verkoop met behulp van die toepaslike formules.

4.3 Voltooi die aankope-kolom met behulp van die gegewe aankoopprys per eenheid.

4.4 Voltooi die kolom vir koste van verkope en die kolom vir voorraad voorhande deur die gemiddelde prys te gebruik.

4.5 Die aankope-, verkope- en voorhande-kolom moet in randwaarde (geldeenheid) getoon word.

4.6 Toon die hoeveelhede in die hoeveelheid-kolom as heelgetalle.

4.7 Toon die kolomtotale. Die voorhande-kolom moet voorraad voorhande toon.

4.8 Bereken slegs die hoeveelhede en bedrae waar asteriske voorkom.

4.9 Voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant en DRUKSTUK 4 aan die regterkant as kopskrif in.

4.10 Stoor die sigblad as DRUKSTUK 4 en druk dit.

Kopiereg voorbehou

VOORRAADKAART – JUNIE 2016							
DATUM	**HOEVEELHEDE**				**KOSPRYS**		
JUNIE	**AANKOPE**	**VERKOPE**	**VOOR-RAAD VOOR-HANDE**	**GEMIDDEL-DE PRYS**	**AANKOPE**	**VERKOPE**	**VOOR-RAAD VOOR-HANDE**
1 Jun	0	0	80	R75.00	R0.00	R0.00	*
5 Jun	*		95	*	*		*
8 Jun		*	60	*		*	*
11 Jun	*		70	*	*		*
14 Jun		*	40	*		*	*
17 Jun	*		50	*		*	*
20 Jun		*	30	*	*		*

Die kwekeling (*intern*) wat as voorraadkontroleur werk, ontdek dat daar tydens die insleuteling van die voorraad geen rekord van voorraad aangekoop gehou is nie. Stel enige foute reg wat jy opspoor. Die aankoopprys vir voorraad gekoop:

Datum Junie	Hoeveelheid	Prys
5	?	R78.00
11	?	R80.50
17	?	R85.00

[25]

VRAAG 5

Bean in Love se eienaar wil graag die kontantvloei uit sy onderneming se bedryfsaktiwiteite soos op 30 Desember 2016 sien. Die volgende inligting word verskaf:

BEAN IN LOVE SE INKOMSTESTAAT OP 30 DESEMBER 2016

	LAAS JAAR	HIERDIE JAAR
Verkope	90 000	205 500
Bruto wins	65 000	85 000
Rente ontvang	5 000	7 000
Rente betaal	9 000	9 000
Waardevermindering	5 000	6 500
Netto inkomste op kapitaal	58 900	67 850

BEAN IN LOVE SE BALANSSTAAT OP 30 DESEMBER 2016

	LAAS JAAR	HIERDIE JAAR
Netto bedryfskapitaal	145 000	85 000
Bedryfsbates	75 000	88 000
Voorraad	67 800	70 000
Debiteure	(5 000)	(8 450)
Kontant		
Bedryfslaste		
Krediteure	8 680	12 600

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES

1. Stel die kontantvloeistaat vir die bedryfsaktiwiteite vir die jaar geëindig 30 Desember 2016 aan die hand van die inligting hier bo op. Voorsien die volgende opskrif vir die staat en aantekeninge:

   BEAN IN LOVE SE KONTANTVLOEISTAAT/AANTEKENINGE
   30 DESEMBER 2016

2. Verhoog die gehalte van jou werk deur horisontale en vertikale lyne te trek. Skenk spesiaal aandag aan die uitbeelding van die staat. Vertoon die opskrifte in vetdruk en kursiveer dit.

3. Maak van toepaslike formules in jou staat gebruik om die nodige berekeninge vir optelling en aftrekking te doen.

4. Vertoon AL die bedrae met TWEE desimale.

5. Toon die aantekeninge by die kontantvloeistaat.

6. Voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant en DRUKSTUK 5 aan die regterkant as kopskrif in.

7. Maak ’n DRUKSTUK van die staat.

8. Stoor die dokument as DRUKSTUK 5.

[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou